

26 April | Ds. Marius Breytenbach
Die eggo van God se genade in leë strate
1 Petrus 1:17-22

Goeie dag. Baie welkom by ons oggenddiens. In hierdie tyd (vierde week van isolasie) oorheers die onderwerp van die Covid-19-virus en die realiteit van 'n grendelstaat al ons gesprekke. Ons tweede naweek van isolasie (12 April 2020) het egter saamgeloop met 'n ander realiteit: Die begin van Paasfees. Gelowiges het lank terug op die dag van Jesus se opstanding (Sondag) bymekaargekom en mekaar met die volgende woorde gegroet: “Die Here het uit die dood opgestaan – Hy het waarlik uit die dood opgestaan”. Met waarlik het hulle bedoel dat hierdie realiteit werklik 'n verskil in hulle lewens gemaak het.

Beleef in hierdie oggend die seën van die werklikheid van die Here se genade,
barmhartigheid en vrede waar ons hier saam is.

Toe Paassondag (12 April 2020) aanbreek was 'n groot deel van die wêreld reeds in 'n grendelstaat. Op die betrokke Sondagmiddag het die bekende operasanger Andrea Bocelli alleen saam met 'n orrelis 'n kort uitvoering gehou in die Duomo katedraal in Milaan wat hulle *Music of Hope* genoem het. In die daaropvolgende 24 uur is die uitvoering deur 32 miljoen mense aanlyn gekyk. In 'n onderhoud daarna het Bocelli gesê dat dit besonders was om juis op hierdie Sondag die gebede van mense reg oor die wêreld te kon verenig om daarin hoop te vind vir die hede en toekoms wat op hulle wag. Die uitvoering eindig met Bocelli wat in stilte na die leë plein buite stap en die volgende lied sing: (terwyl hy die lied sing het beelde geflits van die leë strate van stede reg oor die wêreld – waaronder ook Kaapstad).

*Amazing grace! How sweet the sound
That saved a wretch like me!
I once was lost, but now am found;
Was blind, but now I see.*

*Through many dangers, toils and snares,
I have already come;*

*'Tis grace hath brought me safe thus far,
And grace will lead me home.*

*The Lord has promised good to me,
His Word my hope secures;
He will my Shield and Portion be,
As long as life endures.*

Gebed

Here, die lewe bring ons gedurig by nuwe plekke uit waar ons soveel nuwe emosies beleef en nuwe realiteite moet bedink. Dankie dat U in dit alles ons met u genade besoek wat ons oë opnuut weer oopmaak vir hoe ons moet voel, dink en optree. Daarom bid ons Here dat u genade ons ook nou tot besondere insigte sal lei. Sodat ons self en ander met wie ons dié lewe deel sal verander. Help ons spesifiek om die vrees, moedeloosheid, frustrasie en woede wat moontlik nou in ons leef om te swaai na nuwe hoop, deernis, liefde en daed wat konstruktief 'n verskil maak. Here, ons bevind onself skielik op 'n plek waar ons nie net nuut en kreatief wil dink oor hoe ons onself in hierdie tyd van afsondering besig kan hou nie, maar hoe ons 'n nuwe orde van lewe kan help skep in diens van U genade vir ander. Help ons dus in om nie nou vas te kyk in ons eie belange nie, sodat ons waarlik die lewe wat U opstanding bring kan deel. Amen.

Ons teks kom uit 1 Petrus 1:17-22. Die teks is deel van 'n leesrooster wat vandag, net soos Bocilli se *Amazing Grace*, wêreldwyd in geloofsgemeenskappe gelees word. Ons tema van die oggend: Die eggo van God se genade in leë strate.

Tydens verlede week se preek het julle gehoor dat hierdie groep gelowiges vir wie Petrus skryf, wat rondom 60 n.C. in Klein-Asië (Turkye) gewoon het, geweldig swaar gekry het as gevolg van vervolgings. In die loop van hierdie dekade het Petrus, Paulus en Jakobus wreed gesterf. Verder bevind hulle hulself in 'n geologiese onstabiele omgewing wat tydens die eerste eeu deur 'n reeks aardbewings getref is.

Die vraag in hulle gemoed was: “Hoe leef ’n mens in ’n wêreld waaroor jy so min beheer het?”

Lees die teksgedeelte

Ek wil vier punte in Petrus se boodskap uitlig:

1. Wees versigtig (wees bewus) hoe julle kies om in hierdie tyd te leef (vers 17).
2. Pas op om nie alles deur die bril van julle materiële middele te sien en te beoordeel nie (vers 18).
3. Inteendeel (vers 19) leef in die geloof van God se opstanding wat ons in staat stel om in hierdie omstandighede te kan leef en wat ons by uitkomst uitbring. (vers 20-21).
4. Wat is die kenmerk van hierdie uitkoms? Om mekaar ongeveer (opreg, eenvoudig sonder komplikasies) lief te hê (vers 22).

Hierdie week het twee gebeurtenisse of beelde my geraak en laat dink:

Eerstens, foto’s van protes gedrag in Amerika. Mense protesteer teen die wetgewing wat hulle isoleer uit vrees dat dit hulle emosioneel en finansieel gaan ruïneer en dat ons nie genoeg gaan hê om van te leef nie. Dit verwoord die vrese van baie ander mense reg oor die wêreld.

Tweedens die ongekende beelde van leë strate. Dit lyk asof almal wegkruip en wag vir iets om te gebeur – ’n aankondiging deur president Ramaphosa – maar die teendeel blyk waar te wees. Die realiteit is dat ons ook skielik ’n ongekende solidariteit beleef. Ons probeer om in hierdie tyd met mense in ons gemeente kontak te hou en ons hoor stories van:

- Mense wat bereid is om ’n deel van hulle inkomste prys te gee, sodat ander steeds ’n inkomste kan hê. Mense wat kreatief soek na nuwe oplossings.
- Ons het in hierdie tyd al die ouer lidmate in ons gemeente geskakel. By almal van hulle is daar ’n geduld om in solidariteit met ander te volhard. Hulle is

dankbaar vir net die broodnodige en die wyse waarop mense in hulle omgewing na hulle uitreik.

- Mense wat inspring om waar nood is planne te maak en ander mense te ondersteun.
- Gesinne in ons eie gemeente wat op Sondag deur internet by mekaar inskakel om saam vir mekaar en behoeftes in die gemeente te bid.

Die leë strate eggo die realiteit van God se genade!

Die Paasfeestyd. Die Here het nie net werklik in Jerusalem opgestaan nie, Hy is waarlik ook vandag by ons. *Amazing grace ... I once was blind, but now I see.*

Stort in hierdie tyd jou vrese en bekommernis voor die Here uit, maar laat ook toe dat die Here se genade jou inspireer om vorentoe op 'n nuwe wyse met 'n verskil te leef.

En onthou ... die genade van ons Here Jesus Christus, en die liefde van God, en die gemeenskap van die Heilige Gees is met jou.

AMEN